Beste Theo

Met verlange sien ons altyd uit na enig berig van julle maar die berigte is maar skaars. Maar ons dink maar geen berig goeie berig. Ons is gelukkig nog in goeie gesondheid behalwe Oupa wat maar steeds swakker word die eene dag is wat beter as die andere maar dit lyk vir ons dat hy maar afdraende gaan. Ons kry hier nou baie koue nagte die ys lê op die water maar ek dink julle sal daar 'n bietjie oorlag want die koue daar sal wel erger wees. Hoe gaan dit met je studie Theo het je tyd daarvoor en geleentheid? Ons is ~~so~~ so baie nuusgierig hoe julle julle dae deurbring want dit is daar nou seker poolnag. As ons in die aand in die koue bed kruip dan dink ons aan julle en is dan dankbaar dat ons nie in die suidpool is nie. Onse gebede is wel altyd met julle. Op die plaas gaan dit nog goed ons is besig om mielies te oes en te dors. Die diere is in 'n goeie kondisie en die wintergroen groei mooi. Tot hiertoe het ons 150 lammers en 10 kalwers. Met Willie en Arie en Hulle seuntjie gaan dit nog goed. Oom Bot het sy worsfabriek oor gedoen aan de Klerk hulle is uitmekaar. Piet is getroud en werk in Potch. Willie & Frans hulle is op universiteit. Die magneet is

verkoop aan malan. Hartelik gegroet
en gode bevole van je liefhebbende

Pa, Ma, Oupa
Ouma Broers
en Susters.